**Kommunikasie en Beeldbou Komitee**

# Beleid vir gebruik en deelname aan Agri NW se Facebook-blad

**Beleid**

Hierdie beleid bied leiding en voorsien riglyne aan lede van Agri NW vir die gebruik en deelname aan Agri NW se Facebook-blad.

**Prosedure**

Die volgende beginsels is van toepassing vir die professionele gebruik en deelname en aan die Agri NW Facebook-blad.

1. Lede moet ten alle tye voldoen aan die organisasie se gedragskode (Kernwaardes, Beginsels en Norme).
2. Lede moet bewus wees van die reaksie wat hul deelname (in hierdie geval kommentaar) kan hê op hul eie beeld sowel as die beeld van die organisasie.
3. Lede moet hul beste oordeel gebruik wanneer hul kommentaar lewer sodat dit nie onvanpas en skadelik is vir die organisasie nie.
4. Hoewel nie ŉ eksklusiewe lys nie, ŉ paar spesifieke voorbeelde van verbode sosiale media gedrag sluit onder andere in:
   - Kru taal;
   - Haatspraak; en
   - Laster.
5. Lede moet hul weerhou om betrokke te raak by kommentaar wat dreig om antagonisties (bevooroordeeld) te word.
6. Die Agri NW Facebook-blad is nie ŉ advertensie-blad nie. Enige advertering van skoue, boeredae, opleidingsdae ens. moet aan die Hoofkantoor gestuur word waarna die Kommunikasie en Beeldbou Komitee sal oordeel of dit geplaas sal kan word of nie.

**Wat om te doen as u kommentaar lewer:**

1. Let op goeie taalgebruik.
2. As u voel dat u ŉ waardevolle bydrae tot die bespreking kan lewer, maar onseker is, skakel die Uitvoerende Hoofbestuurder vir leiding.
3. Respekteer alle individue, rasse, godsdienste en kulture.
4. As u enige inligting/kommentaar opmerk op sosiale media wat na u mening ŉ amptelike reaksie van Agri NW verg, kontak die Hoofkantoor.
5. Streef na akkuraatheid, maak seker van u feite en spelling voordat u kommentaar lewer op enige iets.
6. Reageer op kommentaar op ŉ professionele manier wat die visie en missie van Agri NW weerspieël.

**Wat om nie te doen nie as u kommentaar lewer:**

1. Vermy enige vorm van haatspraak.
2. Moet onder geen omstandighede namens Agri NW praat nie, tensy u behoorlik daartoe gemagtig is.
3. Moenie enige amptelike inligting deel wat nog nie in die openbaar aangekondig is nie.
4. Moenie kommentaar lewer op enige negatiewe plasing of kritiek oor Agri NW nie. Gee die plasing deur aan die Hoofkantoor vir verdere hantering.

Agri NW se Facebook-blad Administrateurs behou die reg voor om enige ongewenste plasing of kommentaar onmiddellik te verwyder sonder dat die betrokke party ingelig word oor die rede daarvoor. In so 'n geval kan u met die Hoofkantoor skakel om navraag te doen oor die verwydering van u kommentaar/plasing.